

25 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 19:11-21

Christus die Oorwinnaar

Met elke Kersfees roep ons die koms van Christus as 'n klein kindjie in herinnering. Sy mag en heerlijkheid is versluier in die luiers van 'n kind. Mense kan so maklik oor die Kindjie in die krip romanties raak, maar die sluiers het al tydens sy lewe afgeval. Die Kindjie is 'n Koning. Hy het die dood oorwin. Hy het na die hemel opgevaar.

Op 19 vertel nou van sy wederkoms. Reeds in Op 6 het Johannes die Ruiters op die wit perde met die oorwinnaarkroon (stefanos) gesien en agter hom die gevaarlike perde van oorlog, honger en die dood.

Nou word beskryf hoe Hy daardie magte oorwin. Hy kom met 'n skerp swaard, want nou kan niks Hom keer nie. Geen vyand kan teen Hom standhou nie. Hy trap die parskuip van die toorn van God waarin sy vyande verkeer. Hy mobiliseer die leërs van die hemel teenoor die geweldige magte wat by Armageddon onder aanvoering van Satan gemonster word. Hy neem die dier (die antichris) en die valse profeet gevange en gooi hulle in die vuurpoel waarin ook Satan volgens Op 20:10 gegooi word.

As ons vandag Kersfees vier, dan is daar soveel vyande wat ons nog bedreig: oorlog, geweld, honger en die dood. Maar Christus se oorwinning kan nie gestuit word nie!

En jy kan nou al deel in die oorwinningsfees. Sing tog jou mooi Kersfeesliedere uit volle bors.

Sing: Skrifberyming 31:1,3

Dr B Duvenage (Emeritus)